

Genealogiese navorsing ten opsigte van
JJN Kruger × P van Manen

met klem op die vanne
Kruger, Retief, Van Manen en Dargon



JP Clements, née Kruger

3e uitgawe, Februarie 2016

opgedra aan my kinders André Clements, Charlene Tennant en Eric Clements
en kleinkinders Béo en Zakia Clements en Kevin, Jason en Nathan Tennant

November 2014

INHOUDSOPGAWE

DEEL 1:	
DIREKTE GESLAGTE	4
Direkte Geslagte: KRUGER, RETIEF en ander betrokke vanne	6
Direkte KRUGER-geslagte	7
Direkte RETIEF-geslagte	12
Direkte Geslagte: VAN MANEN, DARGON en ander betrokke vanne	14
Direkte VAN MANEN-geslagte	15
Direkte DARGON-geslagte	18
DEEL 2:	
VOLLEDIGER GESLAGTE	22
Vollediger KRUGER-geslagte	23
Vollediger RETIEF-geslagte	56
Vollediger VAN MANEN-geslagte	61
Vollediger DARGON/DARGAN-geslagte	87
BYLAAG A: Bronne en Verwysings	99
BYLAAG B: Internet webtuistes	101
Indeks	1

Genealogiese Simbole

Die volgende simbole word in hierdie dokument gebruik: * gebore; × trou; ×× hertrou; † oorlede; ca. ongeveer; PN Noemname onbekend; NN stamnaam onbekend.

Nommering van geslagte

Die stamvader wat die land ingekom het, word genummer a, die volgende geslagte b, c ens., met elke geslag se kinders genummer 1, 2, 3, ens., volgens geboortedatum. Wat die KRUGERs betref, het meer as een KRUGER oorspronklik die land ingekom. Ons betrokke KRUGER-stamvader word vir ons geslagslyn nog steeds net genummer “a”.

Voorgeslagte

Die voorgeslagte word gelys van minstens die stamvaders in Suid-Afrika (letter “a”), en in meeste gevalle selfs voorgeslagte in Europa, in een geval so ver terug as 1663! Die geslagte in Europa is nie van toepassing op die nommering binne Suid-Afrika nie.

Algemeen

Die opmerkings: “*verdere detail ontbreek*”, beteken dat verdere gegewens nie aangevra is nie, of dat dit nie beskikbaar was nie, of nie bekom kon word nie. Sommige volgordes van kinders moet nog bevestig word of aangepas word, soos meer inligting bekom word. Baie inligting van kinders van voorgeslagte is beskikbaar op sterfkennisgewings in die Suid-Afrikaanse Argiewe¹ en op geboorte- en doopinligtingsbronne in die betrokke kerke se argiewe. Let op dat kinders wat voor hul ouers gesterf het, gewoonlik nie op die ouer se sterfkennis gelys word nie. Latere geslagte se inligting is meestal van die betrokke families verkry.

Foto's

Sommige foto's kom beide by “DIREKTE GESLAGTE” en “VOLLEDIGER GESLAGTE” voor. Dit is gedoen om die geslagslynfoto's in die verskillende dele onafhanklik van mekaar te kan volg. Waar foto's of inligting meer as een keer voorkom, word die erkenning van die bron nie altyd herhaal nie.

Foute

Weens die massiewe hoeveelheid persone, datums en bronne mag sommige inligting foutief wees, ***dus moet geen inligting aangehaal word sonder om beskikbare bronne na te gaan nie.***

1 [\[http://www.national.archives.gov.za\]](http://www.national.archives.gov.za)

Direkte Geslagte: KRUGER, RETIEF en ander betrokke vanne

Kwartierstaat KRUGER × RETIEF

Opgestel: 2012
deur Jeanette P. CLEMENTS (née KRUGER)

KRUGER-voorgeslagte:

(verskeie KRUGERS het die land ingekom)
ons eerste KRUGER-voorouer kom vanaf DUITSLAND
a. Jacob 1690.07.28-1749.10.29, aangekom 1714
× Johanna (Jannetjie) KEMP 1696-1778.10.27
b1. Jacob 1718.07.17-1778.11.10
× Christina STRANG 1721.09.14 - (ongeveer) 1748
c5. Carel 1750.05.21-(ongeveer) 1793.11.10
× Geertruyda Margaretha COETZEE
d2. Jacob Casper *1784-1874
× Anna Louisa BUYS *doop 1782.09.12

NOTA: Die stamvader van 'n betrokke VAN wat die land ingekom het, word genommer a, volgende geslag b, c ens., met elke geslag se kinders genommer 1, 2, 3 ens., volgens geboortedatums. Sommige volgordes van kinders moet nog bevestig word.

RETIEF-voorgeslagte:

Ons eerste RETIEF-voorouer (slegs een Retief/Retif het vanaf FRANKRYK na Suid Afrika kom)
a. Francois 1663.02.02-1721.09.23, aangekom 1688
× Maria MOUI 1685-1758.09.21
b.4. Francois 1709 of 08.04.07-1789
× Anna MARAIS 1789-1774.05.24
c1. Francois 1743.01.01-1807.06.10
× Magrieta JOUBERT 1748.03.01-1821.10.23
d13. Daniel *1788.01.08
× Margrieta Jacoba DE VOS 18??-1860.05.16
e5. Wouter Daniel 1820.06.01-1897.02.07
× Magdalena Petronella THERON dood ±1880



e7. Joachim Johannes Nicolaas KRUGER
1814.09.23-1903.08.08

Johanna Elizabeth Margaretha Gertruida (Hannie) CLOETE
1819.04.21-1875.06.17

[Nota: 2 e vrou, nie nageslag-bloedfamilie nie
Aletta Helena FRASER
1855.08.07-1928.08.29]



f6. Joachim Johannes Nicolaas KRUGER
1850.09.21-1935.09.13

Jacoba Jacomina LOUW
1854.04.11-1921.12.22



f1. Daniel Francois RETIEF
1845.01.20-1919.06.12

Aletta Bartholomina MÖLLER
1847.09.11-1889.03.27



KRUGER

g4. Jacob David (Japie) KRUGER
1876.06.15-1947.06.14



RETIEF

g2. Magdalena Petronella (Lenie) RETIEF
1877.06.05-1947.06.09



Aletta Bartholomina (Lettie)
1903.11.14-1989.11.20



Joachim Johannes Nicolaas (Hannes/Japie)
1905.02.21-1990.06.25



Daniel Francois Retief (Danie)
1909.09.28-1962.12.29



Jacoba Jacomina (Kotie)
1913.12.28-1990.12.14

Direkte KRUGER-geslagte

KRUGER (KRÜGER)

Betekenis: Plattelandse herbergier. Verskeie KRUGERs het die land binne gekom.

Let veral daarop dat die verskillende bronne ten opsigte van ons voorgeslag “f” verskil wat name en volgorde betref. Ter inleiding lees die boeke en die PDF-lêer soos gelys in die Bronnelys, Bylae A.

Daar is ook baie inligting via die www beskikbaar (Bylae B).

Die ouers van ons stamvader was (spelling met 'n "C"):

Franz/Frans CRUGER †1710

× Elisabeth HARTWIG †1747

Hulle was van Sandenbeck, Duitsland, en het 8 kinders gehad.

Nota:

Sien ook later in die boek die vollediger inligting oor die voor- en nageslagte, hierdie eerste opsommingslys gee slegs ons voorouers en hul aantal kinders aan.

Ons Suid-Afrikaanse KRUGER-stamvader

a.

Jacob KRUGER¹ (of CRUGER) 1690.07.28-1749.10.29

gebore te Sandenbeck, Prignitz/Priegnitz, Brandenburgland, Pruise, naby Berlyn (Duitsland)

aankoms 1714 aan boord die skip “Middelwout”

boukneg 1714-1719, burger 11 Jan 1718

later boer in die Sandveld, oorlede te Roggeveld, Kaap

trou 1 Mei 1718

× Johanna (Jannetjie) KEMP ca.1696.08.??-1778.10.27

8 kinders.

a.b1.²

Jacob KRUGER³ ca.1718.07.17-1778.11.10

× Christina STRANG haar doop ca.1721.09.14

10 kinders.

a.b1.c5.

Carel KRUGER 1750.05.21-1793.11.10

oorlede te Carnarvon

× Geertruyda Margaretha COETZEE (Magdalena?) *1763.08.21

8 kinders.

a.b1.c5.d2.

Jacob Casper KRUGER 1784-ca.1874

× Anna Louisa BUYS gedoop 1782.09.12

(ons stamlyn) en

×× Martha Elizabeth COETZEE

16 kinders (9 +7).

-
- 1 KRUGER a tot e7 (gedeeltelik): Inligting verkry van Barry KRUGER se PDF-dokument, sien Bronnelys (Bylaag A).
e7: Vergelyk Barry KRUGER se PDF-dokument met ons familie-inligting let op dié dokument het ons eerste JJN KRUGER as “ongeveer 1815” gebore, die korrekte datum is 1814.09.23 (sien graffoto's in DEEL 2 bladsy 26). Ons datums en detail is die korrekte gegewens vanaf JJN KRUGER *1814 se graf te Worcester (eggssa.org), sowel as die Suid-Afrikaanse Argief en ons inligting.
 - 2 Ander bronne verwys na 'n vorige Jacob (1716-18), maar daar is geen verwysing na die vader van hierdie baba nie, die moeder was gegee as “Johanna van die Caap”. Volledig bespreek in die boek “die Kruger-familie van Suider Afrika” deur Barry Kruger.
 - 3 President Paul KRUGER stam van [ab7](#) af en die KRUGERs van hierdie dokument van [ab1](#)



Joachim Johannes Nicolaas Kruger 1814-1903,
met 1e vrou Johanna Elizabeth Margaretha
(Hannie) Cloete 1819-1875



Joachim Johannes Nicolaas Kruger 1814-1903,
met 2e vrou Aletta Helena Fraser 1855-1928

a.b1.c5.d2.e7.

Joachim Johannes Nicolaas KRUGER 1814.09.23-1903.08.08¹

Bron vir sy datums: graf Worcester, De Wet Begraafplaas Hek 2, NG Kerk
trou 1830.01.01 te Clanwilliam

1e vrou (eie foto links bo), hierdie 1e huwelik is ons stamlyn:

× Johanna Elizabeth Margaretha Gertruida (Hannie) CLOETE 1819.04.21-1875.06.17

Bron vir haar datums is haar graf² te Klerefontein (voorheen gespel Kleederfontein of Klederfontein)
foto's van sommige grafte (sien later in DEEL 2, bladsy 25) en die gerestoureerde hoofplaashuis wat as die
SKA-Projek se hoofkantoor ingerig is, is verskaf deur die SKA-projek, Carnarvon. SKA staan vir
“Square Kilometre Array”.³

9 kinders.

2e vrou (sy was baie jonger as haar eggenoot, duidelik sigbaar op eie foto regs bo):

×× Aletta Helena FRASER 1855.08.07-1928.08.29⁴

Bron vir Aletta Helena FRASER se datums is haar graf, sy is begrawe in dieselfde graf as haar man,⁵ graf te
Worcester, de Wet Begraafplaas, Hek 2, NG Kerk

8 kinders.

gesamentlik 17 (9+8) kinders.

Sien meer foto's en inligting later in DEEL 2 (bladsy 23 en verder).

Die volgorde en name van hierdie kinders (geslag “f”) moet nog verder nagevors word aangesien die bronne nie ooreenstem nie.


1 [KAB MOOC 6/9/481 No 2610 (boedel eers afgehandel 1935, sien DEEL 2)]

2 [Suid-Afrikaanse Argief KAB MOOC 6/9/152 no1824]

3 [<http://www.ska.ac.za>]

4 [Suid-Afrikaanse Argief KAB MOOC 6/9/3397 no 19948]

5 [graffoto JJN KRUGER *1814 en 2e vrou AH FRASER <http://www.egggsa.org>]



Joachim Johannes Nicolaas Kruger (1850/09/21 - 1935/09/13)
en Jacoba Jacomina gebore Louw (1854/04/11 - 1921/12/22)
met kinders Joachim en Rensie.

a.b1.c5.d2.e7.f(6?) (moontlike nommer)

Joachim Johannes Nicolaas KRUGER 1850.09.21-1935.09.13¹

gebore te Klerefontein (voorheen gespel Kleederfontein of Klederfontein)²

doop NGK Victoria-Wes

oorlede te Carnarvon

grafte: op plaas (Wonderheuvel?) naby Carnarvon,

sien poskaartfoto van graf in foto-albums en op bladsy 36

× Jacoba Jacomina LOUW 1854.04.11-1921.12.22³

gebore te Victoria-Wes

oorlede te plaas Wonderheuvel buite Carnarvon

aantal kinders onseker,

moontlik 11.

Hierdie dassievelgeldsakkie is in besit van Jeanette CLEMENTS, née KRUGER.

Meer foto's en inligting in [DEEL 2](#).

**Geldsakkie van
Jacoba Jacomina KRUGER,
(gebore LOUW)
1854.04.11-1921.12.22**



1 [Suid-Afrikaanse Argief KAB 6/9/4674 no 47618]

2 [Bron: Familiebybel in besit van Elsa KRUGER]

3 [Suid-Afrikaanse Argief KAB 6/9/2237 no 199]



Magdalena Petronella (Lenie) (gebore Retief)
geb: 1877/06/05 oorl: 1947/06/09

Jacob David (Japie) Kruger
geb: 1876/06/15 oorl: 1947/06/14

a.b1.c5.d2.e7.f(6?).g4. (moontlike nommer)

Jacob David (Japie) KRUGER 1876.06.15-1947.06.14¹

gebore te Carnarvon, doop NGK Carnarvon

verhuis 1904² na Lichtenburg en boer te Vlakfontein distrik Lichtenburg

oorlede Johannesburg

graf op plaas Cyferpan buite Lichtenburg

oudste kind gebore op Wonderheuwel, buite Carnarvon, die volgende kind op Cyferpan, distrik Lichtenburg

en die jongste twee op die plaas Vlakfontein, distrik Lichtenburg

× Magdalena Petronella (Lenie) RETIEF 1877.06.05-1947.06.09³

gebore te Boonjesrivier, Tulbagh

oorlede Johannesburg

4 kinders.

Vollediger nageslag word later gelys (bladsy 38).

Let op: Sy is eerste oorlede, en haar man is op pad terug van begrafnis na plaas in motorongeluk noodlottig beseer weens kar se wiel wat gebars het.

Sien ook RETIEF-geslag vir haar voorsate, en die fotokwartierstaat en die foto-album.


Meer foto's en inligting in [DEEL 2](#).

Ons direkte geslagslyn, a.b1.c5.d2.e7.f(6?).g4.h2. en so meer, vervolg op die volgende bladsy...

1 [Suid-Afrikaanse Argief TAB MHG 2873/47]

2 [Sien brief op bladsye 31-34]

3 [Suid-Afrikaanse Argief TAB 2872/47]



a.b1.c5.d2.e7.f(6?).g4.h2.

Joachim Johannes Nicolaas KRUGER 1905.02.21-1990.06.25

(deur familie Hannes genoem, ander persone Oom Japie genoem)

gebore te plaas Cyferpan, Lichtenburg

eers onderwyser te Ermelo en in Pretoria, Laerskool President Kruger en daarna

Hoof, Pretoria-Noord Hoërskool 1946-1966

President Suid-Afrikaanse Amateur-Aletiek-Unie (SAAAU) 1957-1959

dien in verskeie Onderwysverenigings en Kultuurorganisasies

oorlede en begrawe te Pretoria

× Paulina (genoem Pauline) VAN MANEN 1900.11.28-1988.08.17

gebore en oorlede te Pretoria, verskeie jare onderwyseres

trou 1936.06.27, sien koerantuitknipsel oor huwelik, onthaal en gaste (bladsy 48)

sy woon te Pretoria 86 van 87 jaar (was op 16/17 jarige ouderdom vir 1 jaar in Worcester)

grafte Rebeccastraat-begraafplaas, Pretoria Afr D no 2009 (eie graffoto's in DEEL2: KRUGER)

3 kinders (eie foto regs onder):

a.b1.c5.d2.e7.f(6?).g4.h2.i1.

Elsa Gertruida KRUGER *1941.01.24

gebore te Pretoria

a.b1.c5.d2.e7.f(6?).g4.h2.i2.

Magdalena Petronella (Lenie) KRUGER *1943.11.17

gebore te Pretoria

× Louis BOTHA *1940.07.14

gebore te Pretoria

trou 1967.03.11

a.b1.c5.d2.e7.f(6?).g4.h2.i3.

Jeanette Pauline KRUGER *1945.07.28

gebore te Pretoria

× Frederick CLEMENTS (Fred) *1943.09.05

gebore te Pretoria, gedoop Cullinan

trou 1971.01.16



Elsa Gertruida, Magdalena Petronella (Lenie), Jeanette Pauline-dogters van Joachim Johannes Nicolaas Kruger getroud met Paulina(e) van Manen

Hierdie is net die direkte geslagte, sien meer foto's en inligting in DEEL 2 (bladsy 24).

Direkte RETIEF-geslagte

Ons Suid-Afrikaanse RETIEF-stamvader

Francois RETIEF (oorspronklik gespel RETIF) is gebore te Mer by Blois, Frankryk 2.2.1663.
Hy vlug met sy suster, Anna Retief, na Holland. Die Hollanders het destyds immigrante vir die Kaap gesoek, en Francois en sy suster besluit om na die Kaap te kom. Hulle arriveer in 1688.

Hy verkry 'n plasië "La Paris", aan die noordelike kant van die Bergrivier in die rigting van Wemmershoek.
Hy trou met Maria Mouij op 2.5.1700. Sy is in Frankryk gebore op 15.5.1685 en het saam met haar vader, Pierre MOUIJ, as veertienjarige dogter op die boot "Donkervliet" in 1699 aan die Kaap aangekom.
Toe sy en Francois in 1700 getroud is, was sy dus 14 en hy 37 jaar oud.

Alle Retiefs in Suid-Afrika stam van hierdie voorvader af.¹

a.
Francois RETIEF (Retif) 1663.02.02-1721.09.23
gebore te Mer by Blois, Frankryk
× Maria MOUIJ 1685-1758.09.21
9 kinders.

Vir nog meer uitgebreide RETIEF-geslagte sien die RETIEF-bronne soos gelys by die Bronnelys, hier word net die nageslag van a.b4. bespreek.

a.b4.
Francois RETIEF 1709(of 8).07.25 of 1707.04.08-1789
boer Wamakersvallei, toe Wellington
× Anna MARAIS 1722-1774.05.24
trou 1741.12.03²
8 kinders.

a.b4.c1.
Francois RETIEF 1743.01.01-1807.06.10
boer te Groenberg, Wellington
× Magrieta JOUBERT 1748.03.01-1821.10.23
trou 1765.02.10
14 kinders.

a.b4.c1.d13.
Daniel RETIEF 1788.01.08-?
× Magrieta DE VOS *?-1860.05.16
12 kinders.


a.b4.c1.d13.e5.
Wouter Daniel RETIEF 1820.06.01-1897.02.07³
× Magdalene Petronella THERON
9 kinders.



Kinders van Wouter Daniel Retief:
Anna Redelinghuys, Magdalena Möhr, Daniel Retief,
Francois Retief, Martha Neethling, Maria Conradie.

Erkenning: Boek—
Die Retiefs in Suid Afrika

1 [bron Die RETIEF-familie in Suid-Afrika deur PJ RETIEF (1971 en 1988) asook website vir 1e 5 geslagte.]
2 [datums uit "Die Retiefs in SA", aangevul vanaf stamouers.com, Hugenote inligting en <http://www.retieffamilie.info>]
3 [Suid-Afrikaanse Argief KAB MOOC 6/9/371 no 3284]



Daniel Francois Retief getroud met Aletta Bartholomina Möller
 1845/01/20-1919/06/12 1847/09/11-1889/03/27
 [ouers van MP (Lenie) Retief, 1877-1947, getroud met JD (Japie) Kruger, 1876-1947]

a.b4.c1.d13.e5.f1.

Daniel Francois RETIEF 1845.01.20-1919.06.12

gebore te Tulbagh

boer Tulbagh, later Lichtenburg

oorlede Lichtenburg

× Aletta Bartholomina MÖLLER 1847.09.11-1889.03.27¹

gebore Tulbagh

oorlede Lichtenburg

6 kinders uit dié huwelik gebore

insluitend Magdalena Petronella (Lenie) RETIEF wat getrou het met Jacob David (Japie) KRUGER, sien KRUGER-geslag (bladsy 10 en 39).

Tulbagh-stoele dalk van hulle ge-erf.

×× Magdalena Susanna DU TOIT (?gebore DE WET) 1862.9.30-1929.12.03

gebore te Worcester

1 kind

6 +1 kinders².

a.b4.c1.d13.e5.f1.g2.

Magdalena Petronella (Lenie) RETIEF 1877.06.05-1947.06.09

gebore te Boonjesrivier, Tulbagh

oorlede Johannesburg

× Jacob David (Japie) KRUGER 1876.06.15-1947.06

Sien die inligting oor die Tulbagh-stoel.³

Magdalena Petronella se RETIEF-voorgeslagnummer is: a.b4.c1.d13.e5.f1.g2.

Sien KRUGER-geslag vir haar nasate (bladsy 39 en verder) en die fotokwartierstaat en die foto-album.

Meer foto's en inligting in [DEEL 2](#).

1 [Suid-Afrikaanse Argief TAB MHG 0/4628, gespel "Bartelomina"]

2 [In die 2e uitgawe van die RETIEF-boek word die kinders van die twee huwelikke verkeerdelik gelys]

3 [Sien die inligting oor die Tulbagh-stoel: foto van stoel op bladsy 59 en in foto-albums genoem plus Plate 2 en 5 in: Die Ou Kerk Volksmuseum in die "Land van Waveren" deur Miemie-Louw THERON, uitgegee deur Hortons Beperk, Kaapstad 1939 en Gedenkboek van die Ned.-Geref. Gemeente Kruisvallei deur F.S. MALAN 1928]

Direkte Geslagte: VAN MANEN, DARGON en ander betrokke vanne

Kwartierstaat VAN MANEN × DARGON

Opgestel: 2012
deur Jeanette P CLEMENTS (née KRUGER, dogter van Paulina(e) KRUGER, née VAN MANEN)


NOTA: Die stamvader van 'n betrokke VAN wat die land ingekom het, word genommer a, volgende geslag b, c ens., met elke geslag se kinders genommer 1, 2, 3 ens., volgens geboortedatums. Sommige volgordes van kinders moet nog bevestig word.

DARGON-voorgeslagte:

Ons eerste DARGON-voorouer was
a. Peter 1810-1860.04.08, gekom van IERLAND,
oorlede ouderdom 49j 6m × Mathilda Anne Eastland (van SA) 1821-1889.
(sien handtekening hieronder (Erkenning: Argief Pretoria)

VAN MANEN-voorgeslagte:

Grootvader: Evert Berentse van Manen/Maanen d.1809, Nederland
Grootmoeder: Grietje Aartsen
Vader: Barend Berents, oorlede op 74j, 1847.12.26, Nederland
Moeder: Trijntje VAN GINKEL oorlede ca 1846.11.03
Jan het in 1851 van Amersfoort, HOLLAND na Suid-Afrika gekom



[Nota: 1e man was Alfred Charles MALLO ca.1835-1868]



a. Jan
VAN MANEN
1825.04.30-1890.01.25



Helena Johanna Barendina
BERNING
1835.05.24-1907.11.08



b1. Charles
DARGON
1843-.05.10-1918.07.24



g10. Paulina Maria PRETORIUS
(haar 2e huwelik)
1850.07.12-1926.02.12



b10. Frederik Simon (Frikkie) VAN MANEN
1870.07.18-1943.12.06

VAN MANEN



c3. Gertruida Paulina (Gertie) DARGON
1873.01.01-1946.12.02

DARGON

 c1 Frieda Maria O'CONNOR gebore VAN MANEN ≤1896-19??	 c2 Amelia Helena (Millie) KRIGE gebore VAN MANEN 1897.07.29-1984.07.18	 c3 Eric (Boet) VAN MANEN 1899.01.19-1967.07.31	 c4 Paulina (Pauline) KRUGER gebore VAN MANEN 1900.11.28-1988.08.17	 c5 Helena (Lena) VAN MANEN nooit getroud ca.1901/2-1982.07.29
---	---	--	--	---

Direkte VAN MANEN-geslagte

Voorgeslagte in Nederland

Wouter Berendsen VAN MANEN¹ ca.1690-1747, gebore en oorlede Bennekom, Ede, Gelderland, Nederland
× Jantje HENDRIKSEN oorlede 1763

Berent Wouters VAN MANEN 1722-1778 × Gerritje Evers ROOSEBOOM 1723-1766

Evert Berendse VAN MANEN oorlede 1809 × Grietje AARTSEN te Amersfoort

Barend Berents VAN MANEN ca.1774-ca.1848.12.26, gebore te Bennekom, oorlede te Nieuw Helvoet
× Trijntje VAN GINKEL ca.1792-1846.11.03 gebore te Amersfoort, oorlede te Nieuw Helvoet,
sy was 2e kind van Jan Teunissen VAN GINKEL × Aaltje Willemse HIENEKAMP ca. 1761-1840
6 kinders.

Bronne², sien voetnotas en bronnelys.

Sien ou foto/skets³ van Amersfoort onderaan hierdie bladsy.

Die Suid-Afrikaanse stamvader vervolg op volgende bladsy.



Aanhaling uit 'n e-pos van Dick Van MAANEN (dubbel "a", geen familieverband nie) wat ook met navorsing in Holland behulpsaam was:
"... een tekening van Amersfoort gemaakt in de dagen dat jouw voorvader Jan van Manen daar leefde. In het midden zie je een hoge toren met de naam Lange Jan. De bijnaam van de Amersfoorters is keientrekkers. Die grote kei ligt nog in het centrum van Amersfoort."

1 Sommige vroeëre geslagte in Nederland het die van "VAN MAANEN" gespel.

2 [Eie inligting] asook
[Pierre (en Marietta) VAN MANEN, kleinkind van Willem, kind van Jan VAN MANEN]
[Dick VAN MAANEN: djvm@maanstof.nl] en
[Henk VAN DE STREEK Drachten Nederland (streekh@gmail.com) en
<http://www.genealogieonline.nl/stamboom-van-de-streek>] en
<http://www.genlias.nl>]

3 Dick VAN MAANEN: djvm@maanstof.nl, nie familie nie maar behulpsaam met VAN MANEN-navorsing oorsee.



Jan VAN MANEN
1825.04.30-1890.01.25
[erkenning Suid-Afrikaanse Argief
TAB PHOTO 21934]



× Helena Johanna Barendina (Lenie) BERNING
1835.05.24-1907.11.08
[erkenning Gemeente onder die Swartberg 1842-1992 uitgegee in
opdrag van NG Kerk Prins Albert, saamgestel deur PJ en M Botes]

Ons Suid-Afrikaanse VAN MANEN-stamvader

Kwotasie uit: “Place and Street Names of Pretoria by Tom Andrews” volg:

“*Van Manen Street, Elardus Park: Jan van Manen, a Netherlander, came to South Africa. in the 1850’s and opened the Dorpschool in Markstraat (Paul Kruger Street) in 1885; his wife, Johanna was also a teacher in the school; he died in January 1890.*”¹

Verdere inligting oor Jan VAN MANEN ook beskikbaar by verskeie ander bronne.²

a.

Jan VAN MANEN 1825.04.30-1890.01.25³, gebore te Holland

64 jaar 9 maande oud by afsterwe te Pretoria

kom van Amersfoort, Utrecht, Nederland (Holland) na Suid-Afrika in 1851

woon te PRINS ALBERT van 1852-1873 waar hy die eerste onderwyser by die nuutgestigte skool was van 1852-1873. Verhuis in 1873⁴ na RUSTENBURG waar hy ook onderwys gee, verhuis later na Pretoria.

Hoof Dorpschool, Bloedstraat, Pretoria.

Oorlede toe hy woonagtig was te Riverstraat 134, Sunnyside, Pretoria.⁵

× Helena Johanna Barendina (Lenie) BERNING⁶ 1835.05.24-1907.11.08

(Barendina ook gespeld Berrendina) gebore Kaap, Suid-Afrika

trou te no 1 Dixonstraat Kaapstad deur Rev G Morgan, 1851⁷.

BERNING is eers op Hollands/Afrikaans uitgespreek, later op Engels

Haar ouers was Willem Frederik BERNING × Helena Sara WOLFF (Helena, was hul 9e kind).

Let op Willem Frederik se broer, Frederik Simon BERNING, was hierdie dogter se voog by opgee van trou-gebooië⁸,

trou te Kaapstad, 1852.01.12 en verhuis toe na Prins Albert. Hy was 26, sy 16 jaar oud.

Sommige bronne spel VAN MAANEN met twee “a”s, korrekte spelling is net een “a”.

12 of 13 kinders.

1 [http://www.emagameni.co.za/Place%20And%20Street%20Names%20of%20Pretoria.pdf p 468]

2 [Fransie Pienaar Museum te Prins Albert, sien ook Prins Albert Museum website]; [boeke soos genoem in bronnelys]; [http://home.intekom/toelstede/DieGeshichte.htm]; [Rosa Swanepoel].

3 [Afskrif van sy geboortesertifikaat by Pierre VAN MANEN, Kaapstad]

4 [Suid-Afrikaanse Argief TAB SS155 no R490/73; TAB SS 158 no R964/73; en andere, almal gedateer 1873] en [verskeie ander bronne asook inligting Pauline KRUGER (née VAN MANEN)]


5 [Suid-Afrikaanse Argief TAB MHG 5169]

6 [Sien doopinskrywingsbladsy vanaf familysearch.org]

7 [Volgens uittreksel uit “South African Commercial Advertiser – January 1852”]

8 [Volgens inligting by Pierre VAN MANEN, kleinseun van kind Willem van Jan VAN MANEN]

Nota: Vergelyk Helena Johanna Barendina BERNING, in Jeanette P CLEMENTS (née KRUGER) se voorgeslag, met Engela Petronella BERNING, in Frededrick (Fred) CLEMENTS (eggenoot Jeanette) se voorgeslag, die eerste twee BERNING-geslagte stem ooreen.



Hier vervolg net die direkte VAN MANEN-geslagte op ons van toepassing, sien [DEEL 2](#) (bladsy 66) vir meer detail.

a.b10.

lt.-kol. Frederik Simon (Frikkie) VAN MANEN 1870.07.18-1943.12.06¹
gebore te Prins Albert, Kaap, Suid-Afrika (eie foto regs)
× Gertruida Paulina (Gertie) DARGON 1873.01.01-1946.12.02²
trou te Potchefstroom 1895,
oorlede te Oudtshoorn, oorlede by dogter Frieda Maria O'CONNOR te Queenstr
82, Oudtshoorn.
Sien die nota geskryf deur dogter Pauline oor die skuif van Prins Albert na
Rustenburg toe Frederik Simon 'n kleuter was, en later na Pretoria (bladsy).
Graf Rebeccastraatbegraafplaas, Pretoria, Blok Afrikaans D, graf no 2111.
5 kinders.



Luit-Kol Frederik Simon (Frikkie) van Manen
1870/07/18-1943/12/06
getroud met Gertruida Paulina (Gertie) Dargon
1873/01/01-1946/12/02

a.b10.c4.

Paulina (genoem Pauline) VAN MANEN 1900.11.28-1988.08.17
(eie foto regs onder)
× Joachim Johannes Nicolaas KRUGER 1905.02.21-1990.06.25
graf Rebeccastraatbegraafplaas, Pretoria, Blok Afrikaans D,
graf no 2009. (graffoto bladsy 50 en)

Sien haar kinders by KRUGER-nasate.
–sien ook KRUGER-, DARGON-geslagte.

Meer foto's en inligting in [DEEL 2](#).



1 [Suid-Afrikaanse Argief TAB MHG 66/44]


2 [Suid-Afrikaanse Argief TAB 396/47]

Direkte DARGON-geslagte

Ons Suid-Afrikaanse DARGON-stamvader



Peter DARGON (1810-1860.04.08) getroud met
Mathilda Ann DARGON, gebore EASTLAND
[Erkenning Argief KAB LG 574 591, sien ook KAB MOOC 6/9/90 6821]



Mathilda Ann DARGON, gebore EASTLAND
(1821-1889) getroud met Peter DARGON
[Erkenning Argief KAB LG 574 591, sien ook KAB MOOC 6/9/90 6821]

Peter DARGON/DARGAN was die stamvader van die DARGON/DARGANS in Suid-Afrika.

Hy het geleef van 1810-1860.¹

Hy kom na Suid-Afrika van Dublin, Ierland, volgens sy sterfkennis en familie-oorlewering en ander bronne.

Daar is ook 'n memorandum² oor grond wat hom toekom.

Hy teken sy van **DARGON**, met 'n "O". Sommige afstammeling gebruik hierdie spelling en ander die spelling met 'n "A". Dus word in die indeks net die spelling DARGON gebruik.

Hy was Veldkornet in die 1846/7 "7e Kaffir Oorlog", "commanding officer of the Irregular Horse".

Sy "Commanding Officer" was Colonel Johnston.³

Volgens die genoemde brief/memorandum het hy reeds in 1846 16.5 jaar diens gehad en navraag gedoen oor grond wat hom toegekom het. Dit wil sê: 1846-16 gee 1829/30 as moontlike jaar wat hy na Suid-Afrika gekom het.

Sien ook "Military History Journal-Vol 1 No3, Irregular units of the 7th Kaffir War 1846/7 by Major J.J. Hulme"⁴, en Majoor van die "5th Regiment of the Bengal Tigers" en daarna Kaptein van die "Irregular Horse Troop" gedurende die "Kaffir en Hottentot Rebelle 1852".⁵

a.

Peter DARGON 1810-1860.04.08⁶, gebore te Ierland

kom van Dublin, Ierland, volgens sterfkennis en familie-oorlewering

"shopkeeper" by afsterwe maar sien loopbaan reeds genoem

hy was 49 jaar 6 maande met sy afsterwe

× Matilda Ann EASTLAND 1821-1889

sy het 'n 2e huwelik met 'n Jan TROUBRIDGE⁷ gehad (/TROWBRIDGE)

sien ook naam van kleinseun Leonard *Troubridge* Young DARGON/DARGAN

haar ouers, Thomas EASTLAND en Sarah WHITE kom met die Britse 1820 Setlaars op die boot Weymouth Castle na Suid-Afrika. Sy is in Suid-Afrika gebore, trou Fort Beaufort, Albanië, Kaap 1842.07.07⁸

6⁹ of 7 kinders.¹⁰

Slegs direkte geslagslyn volg, sien DEEL 2 (bladsy 87) vir vollediger detail.

1 [Suid-Afrikaanse Argief KAB MOOC 6/9/90 no 6821]

2 [Suid-Afrikaanse Argief KAB LG 574 no 591]

3 [<http://www.samilitaryhistory.org/vol013jh.html>]

4 [<http://www.samilitaryhistory.org/vol013jh.html>]

5 [Volgens Stuart THOMPSON, vergelyk bronne familysearch.org en ander bronne/boeke]


6 [Suid-Afrikaanse Argief KAB MOOC 6/9/90 6821]

7 [Suid-Afrikaanse Argief TAB MHG 0/4834]

8 [<http://www.familysearch.org>: Peter 7th Regiment, Sjieling Skotland]

9 [Suid-Afrikaanse Argief MOOC 6/9/90 no 6821]

10 [Vertelling Ellen Matilda McGREGOR, née DARGON]



a.b1.

Charles DARGON 1843.05.10-1918.07.24

gebore te Fort Beaufort, Kaap [familysearch.org]

× Paulina Maria getroud MALLO, née PRETORIUS 1850.07.12-1926.02.12

Haar voorgeslag¹ was:

a. Johannes PRAETORIUS (ander spelling) 1642-1694, arriveer 1666

× Geertruyda MEYNTJES

b. Johannes PRETORIUS 1680-1732 × Helena VOSLOO

c. Johannes PRETORIUS 1711-1778 × Johanna BEZUIDENHOUT

d. Gerhardus Petrus / Gerrit Pieter PRETORIUS 1743-ca.1786

× Hilletjie Magdalena DE BEER

e. Johannes Lodewyk PRETORIUS 1767-1824 × Anna Elizabeth MARAIS

Paulina Maria se ouers was:

f. Gerhardus Petrus PRETORIUS 1796-ca.1850

× Elsje Josina LEIBRANDT (née BESTER) *1813

10 kinders uit Paulina maria se 2e huwelik (ons stamlyn).




Graf²: Rebeccastraatbegraafplaas, Pretoria, Blok "Dutch", no 2035 (eie foto regs bo)

Dit is haar 2e huwelik (datum onbekend, maar wel na 1868) haar 1e huwelik, 1864.12.07

op ouderdom 15 jaar, was met Alfred Charles MALLO 1835-1868.12.19 (sien graffoto³)

Foto's van Paulina Maria en Alfred Charles MALLO 1835-1868 verskaf deur MALLO-afstammeling, Christo MALLO, Weltevrede, distrik Schweizer-Reneke, kleinseun van Gerhardus Petrus MALLO, twee MALLO-seuns, Gustav Theodore MALLO en Gerhardus Petrus MALLO, is uit 1e huwelik gebore, sien volledige DARGON-familie groeppfoto met MALLO-kindere by (DEEL 2 bladsy 92).



Let op verskeie bronne, o.a. Suid-Afrikaanse Argief, het "MALLO" getranskribeer as "HALLE" as gevolg van moeilik leesbare handskrif.⁴



1 [Sien ook haar voorsate op webtuiste www.pretoriusfamilie.net en boek "Pretorius oor drie eeue" deur M.E. PRETORIUS (sommige inligting in boek is verouderd)]

2 [Sommige inligting verkry vanaf graf te Rebeccastraat-begraafplaas, dank aan personeel van begraafplaaskantoor wat graf vir ons opgespoor het]

3 [<http://www.eggsa.org>]

4 [Suid-Afrikaanse Argief TAB MHG 0/19768]

a.b1.c3.

Gertruida Paulina (Gertie) DARGON 1873.01.01-1946.12.02¹ (eie foto regs)
× Frederik Simon (Frikkie) VAN MANEN 1870.07.18-1943.12.06 (lt.-kol.)
graf: Rebeccastraatbegraafplaas, Pretoria, Blok Afrikaans D, no 2111
hulle nageslag volg later.

—sien VAN MANEN, fotokwartierstaat en foto-album.

Meer detail en foto's by VOLLEDIGER GESLAGTE (bladsy en verder).

Nota: Familie-oorlewering meld dat William DARGAN, van wie daar 'n standbeeld in Dublin, Ierland is, dalk familie van die SA DARGON/DARGANS is. Die verwantskap, indien enige, tussen William en Peter, beide van Dublin afkomstig, moet nog nagevors word.



Gertruida Paulina (Gertie) van Manen
Gebore Dargon 1873/01/01-1946/12/02

1 [Suid-Afrikaanse Argief TAB MHG 396/47]


DARGAN, William

Opsomming van verskeie artikels:

“William DARGAN 1799.02.28-1867.02.07, Railway Contractor, Businessman and Philanthropist, Ireland. He was born near Killeslin, County Laois (Carlow). After school he went to England and joined a surveyor’s office working under the Scottish-born contractor Thomas Telford. He returned to Ireland and got a contract to build the main road from Howth to Dublin. He then contracted for the construction of Ireland’s first railway, the Dublin to Kingstown (Dun Laoghaire, in 1831). Over the years he laid over one thousand miles of railway. He accumulated a fortune from railway shares and other investments. This he used to support his philanthropic ideals, employing the poor but still keeping his prices low. He almost single handedly financed the great Industrial Exhibition of 1853 which included the country’s greatest art collection up to then. The exhibition was opened by Queen Victoria. He declined her offer of baronetcy.

A statue sculpted by Thomas Farrell, was erected in his memory in front of the National Gallery of Dublin (Leinster Lawn) which was in honour of him. As the location for the New Gallery, the Committee chose Leinster Lawn, which had been the site of the Industrial Exhibition. The DARGAN Wing, is located on the ground floor, and is dedicated to his memory. DARGAN had always controlled all his affairs himself and when he fell from his horse in 1866 and was badly injured there was no one to manage his businesses. His immobility to attend to his affairs brought acute financial difficulties and he became bankrupt.

On the 7th February, 1867 he died broken in spirit and body, at 2 FitzWilliam Square. He was buried in Glasnevin Cemetery. His beautiful home Mount Anvil became the Sacred Heart Convent and college. He was married to Jane ARKINSTALL and they had no children.”¹



1 [Carlow Genealogy, Old School, College Street, Co. Carlow; Tel/Fax: +353-503-30850
E-mail: carlowgenealogy@iolfree.ie and <http://www.iarc.ie/scripts/biographical.cgi>]

DEEL 2: VOLLEDIGER GESLAGTE

Inleiding

Uitleg:

Die vier stamvanne se nasate word altyd teen die linkerkantlyn gelys.

Afstammeling van dogters, d.w.s. nasaatkinders, met aangetroude vanne, word vir elke geslag ingekeep aangesien hul genealogiese nommering volgens die aangetroude van geskied en nie hier van toepassing is nie, asook nie orals beskikbaar is nie.

Die KRUGER en RETIEF uitgebreide voorgeslate wat nie op die direkte geslagslyn van hierdie boek betrekking het nie, word nie ingesluit nie aangesien dit reeds volledig beskikbaar is. Dit kan nagegaan word in die bestaande bronne. Sien die BRONNE-lys, bladsy 99.

Vollediger KRUGER-geslagte

KRUGER (KRÜGER/CRUGER)

Betekenis: Plattelandse herbergier.

Verskeie KRUGERs het die land binne gekom.

Let veral daarop dat die verskillende bronne ten opsigte van voorgeslag “f” verskil (bladsy 27), wat name en volgorde betref.

Lees die boeke en die PDF-lêer soos gelys in die Bronnelys ter inleiding. Daar is ook baie inligting via die www beskikbaar.

Die ouers van ons stamvader was

Franz/Frans CRUGER †1710

× Elisabeth HARTWIG †1747.

Let op spelling met ’n “C”

Hulle was van Sandenbeck, Duitsland.

8 kinders.

Ons Suid-Afrikaanse KRUGER-stamvader

a.

Jacob KRUGER (of Cruger) 1690.07.28-1749.10.29

gebore te Sandenbeck, Prignitz/Priegnitz, Brandenburgland, Pruise, naby Berlyn (Duitsland)

aankoms 1714 aan boord die skip “Middelwout”

boukneg 1714-1719

burger 11 Jan 1718

later boer in die Sandveld

trou 1 Mei 1718

oorlede te Kaapstad

× Johanna (Jannetjie) KEMP ca.1696.08.??-1778.10.27

oorlede te Roggeveld

8 kinders.

Nota

Ons voorgeslag met dié van President Paul KRUGER stem slegs ooreen op die eerste geslag, d.w.s geslag a.

a.b1.

Jacob KRUGER ca.1718.07.17-1778.11.10

× Christina STRANG haar doop ca.1721.09.14

10 kinders.

a.b1.c5.

Carel KRUGER 1750.05.21-1793.11.10

oorlede te Carnarvon

× Geertruyda Margaretha COETZEE (Magdalena?)

8 kinders.

a.b1.c5.d2.

Jacob Casper KRUGER 1784-ca.1874

× Anna Louisa BUYS gedoop 1782.09.12,oorl.1823.01.30

(ons stamlyn) en

×× Martha Elizabeth COETZEE

16 kinders (9 + 7).

Teks vervolg op volgende bladsy...

Nota

a tot e7: Inligting verkry van Barry KRUGER se PDF-dokument.

e7: Vergelyk Barry KRUGER se PDF-dokument

(e7 net gedeeltelik in sy dokument), met ons familie-inligting

let op, dié dokument het ons eerste JN KRUGER as “ongeveer 1815” gebore, die korrekte datum is 1814.09.23.

Ons datums, en die vollediger detail, is die korrekte gegewens vanaf sy graf te Worcester via eGSA-webtuiste, sowel as die Suid-Afrikaanse Argief verkry, sowel as ons eie inligting, dus het ons al die inligting van ons KRUGER-voorgeslagte in Suid-Afrika.

a.b1.c5.d2.e7.

Joachim Johannes Nicolaas KRUGER 1814.09.23-1903.08.08¹

trou 1830.01.01 te Clanwilliam (eie foto's bo regs en regs)

Bron vir datums: graf Worcester, De Wet Begraafplaas Hek 2, NG Kerk, graffoto² bladsy 26 saam met 2e vrou.

1e vrou—moeder van f(6?), ons voorgeslag (eie foto regs):

× Johanna Elizabeth Margaretha Gertruida (Hannie) CLOETE 1819.04.21-1875.06.17

Bron vir haar datums graf te Klerefontein (Kleederfontein/Klederfontein),

foto van haar graf³ op volgende bladsy. Sy was 'n dogter van Johannes CLOETE *1792 en Martha Adriana Elizabeth DE KOKER.

9 kinders.


2e vrou (sy was baie jonger as haar eggenoot, foto regs onder):

×× Aletta Helena FRASER 1855.08.07-1928.08.29⁴

sien haar ouers se graffoto aan einde van hierdie KRUGER-tekse, hulle was Jan en Aletta FRASER

8 kinders. D.w.s. gesamentlik moontlik 17 kinders, ons stam uit die 1e huwelik.

Die volgorde en name van hierdie kinders (geslag “f”) moet nog verder nagevors word, aangesien die bronne nie ooreenstem nie (bladsy 27).



Eie foto links:

verskeie geslagte opgesom agterop 'n foto aangeteken in die handskrif van JN KRUGER *1905.

Verwysings in Suid-Afrikaanse Argief na verskeie plase:

Kleederfontein/Klederfontein, (nou Klerefontein) en Kouka⁵;

Wonderheuwel: Oordrag LE ROUX na JN KRUGER 1887⁶;

Kaart: “grond aangrensend aan Kleederfontein van JNKRUGER”⁷;

KRUGER en LATSKY 1888⁸

(sien ook bespreking onderaan volgende bladsy).



Joachim Johannes Nicolaas Kruger 1814-1903, met 1e vrou Johanna Elizabeth Margaretha (Hannie) Cloete 1819-1875



Joachim Johannes Nicolaas Kruger 1814-1903, met 2e vrou Aletta Helena Fraser 1855-1928

1 [SA Argief KAB MOOC 6/9/481 no 2610 en 13/1/7453 no 520 (boedel eers afgehandel in 1935 a.g.v. “Lewenslange Erfpag aan skoonseun”)]

2 [<http://www.egsa.org>]

3 [verskaf deur SKA-projek, Carnarvon, sien <http://www.ska.ac.za>] en sien [Suid-Afrikaanse Argief KAB MOOC 6/9/152 1824]

4 [Suid-Afrikaanse Argief KAB MOOC 6/9/3397 no19948]

5 [Brief 1870: KAB SG1/1/2/4]

6 [KAB LND 1/240 L288]

7 [KAB Bound Map SG1/1/15/18]

8 [KAB Bound Map SG1/1/2/4; SG/1/4/40]





Die foto van die gerestoureerde hoofplaashuis wat as die SKA-projek se hoofkantoor ingerig is, is verskaf deur die SKA-projek, Carnarvon.¹ (SKA="Square Kilometre Array")



Johanna Elizabeth Margaretha Gertruida (Hannie) CLOETE 1819.04.21-1875.06.17
Graf te plaas Klerefontein/Klederfontein. (foto van haar graf, sowel as van 'n seun van haar, heel links onder, verskaf deur die SKA-projek, Carnarvon)



Johannes Cloete KRUGER
1848.07.29-1886.04.10 (een van die seuns van die KRUGER×CLOETE huwelik).




Twee grafte langs mekaar ook op die plaas Klerefontein/
Klederfontein, links Jasper JE CLOETE oorlede 1915.02.26, 38 jaar oud; en graf regs Wilhelmus Jacobus LATSKY 1886.06.29-1918.10.15, opgerig deur sy gade Kitty, Christina Gertruida Johanna CLOETE. Daar was dus huweliksverbande of kontak tussen die CLOETEs, KRUGERs en LATSKYs (sien Argief). (Sien ook aankoop plaasgrond hieronder).

Sien ook die twee bladsye uit die KRUGER-familiebybel onderaan volgende bladsy.

Daar is 'n verwysings na JJN Kruger en S Latsky met betrekking tot 'n aansoek vir die aankoop van verdere plaasgrond: "Survey map showing two pieces of Crown land adjoining the farm Celeryfontein in the division of Victoria West recommended for grant to Messrs. S Latsky and JJN Kruger." Brief gedateer 1872.01.31. Sien verwysings onderaan vorige bladsy.

¹ [SKA-website: "Following an initial identification of sites suitable for the SKA by the International SKA Steering Committee in 2006, southern Africa and Australia are the finalists. A consortium of the major international science funding agencies, in consultation with the SKA Science and Engineering Committee (SSEC), will announce the selected site for the SKA in 2012."]

Graf Joachim Johannes Nicolaas KRUGER en
2e vrou Aletta Helena (née FRASER)
Worcester, De Wet Begraafplaas, Hek 2 NG Kerk



Fotos: eGSSA website



Ter Gedachtenis van
ONS LIEWE MOEDER
Aletta Helena Kruger,
(GEBORE FRASER)
GEBORE 7. AUGUSTUS 1855,
OORLEDE 29 AUGUSTUS 1928.

Ter
Gedachtenis
van
JJN Kruger
GEB. 23 SEPTEMBER
1814
OVERLEDEN 8 AUGUST
1903
VEILIG IN JESUS
ARMEN!



W.T. ATTWOOD
MOWBRAY NEAR C.T.

[uit familiebybel JJN Kruger, begin met sy vader JD Kruger]
(Joachim Johannes Nicolaas) (Jacob David)

FAMILIE-REGISTER.

NAMEN DER OUDERS.

VADER *Jacob David Kruger*
geboren te *Carnarvon* den *15 Junij 1846*
overleden te *Lichtenburg* den *14 Junie 1947*
Zoon van *Joachim Johannes Nicolaas Kruger*
geboren te *Kledfontein* den *21 Sept - 1850*
overleden te *by navon* den *13 Sept - 1938*
en van *Jacoba Jacomina Kruger (Gous)*
geboren te *Victoria West* den *11 Ma 1854*
overleden te *Wonderheuvel* den *22 Dec. 1921* (Recht)

MOEDER *Magdalena Petronella Kruger*
geboren te *Cyferpan* den *5 Junij - 1847*
overleden te *Lichtenburg* den *19 Junie 1947*
Dochter van *Daniel Francois Petrus*
geboren te *Tulbagh* den *20 Junij 1848*
overleden te *Lichtenburg* den *12 Junie 1919*
en van *Aletta Bartolomina Petrus*
geboren te *Tulbagh* den *11 Sept 1844*
overleden te *Lichtenburg* den *27 Maart 1890*

[uit familiebybel JJN Kruger, kinders JD Kruger]
(Joachim Johannes Nicolaas) (Jacob David)

KINDEREN UIT DIT HUWELIJK GEBOREN.

GEHUWDEN.

<i>Aletta Bartolomina Kruger</i> geb. te <i>Wonderheuvel</i> den <i>14 Nov - 1903</i>	<i>Aletta Bartolomina Kruger</i> met <i>Theodorus Ignatius Ferris van Graaf</i> geb. te <i>Bunstee</i> den <i>1 Oktober 1925</i> getroud
<i>Joachim J. N. Kruger</i> geb. te <i>Cyferpan</i> den <i>21 Feb 1906</i>	<i>Joachim Johannes Nicolaas Kruger</i> met <i>Pantini van Hanou</i> geb. te <i>Pretoria</i> den <i>27 Junie 1926</i> getroud.
<i>Daniel F. R. Kruger</i> geb. te <i>Lichtenburg</i> den <i>20 Sept 1909</i>	<i>Daniel F. R. Kruger</i> met <i>Anna Sinclair</i> geb. te <i>Barrow</i> den <i>11 November 1929</i> getroud.
<i>Jacoba Kruger</i> geb. te <i>Lichtenburg</i> den <i>28 Dec 1913</i>	<i>Jacoba Jacomina Kruger</i> met <i>Lawson Alexander Martin</i> geb. te <i>Kledfontein</i> den <i>29 Julie 1939</i> getroud.

Let op na verwysing na *Kledfontein* as geboorteplek van JJN KRUGER *1850. Ander geboorteplekke genoem: Victoria Wes; Tulbagh; Carnarvon; plaas Wonderheuvel, Carnarvon en plase Cyferpan en Vlakfontein, Lichtenburg.

Bronne vir geslagte f (moontlik 17=9+8):

Geslag f:

① 1875: Sterfkennis¹: Johanna Elizabeth Margaretha Gertruida CLOETE 1819.04.21-1875.06.17²
slegs eie kinders, wat nog geleef het by afsterwe van eie ma, soos op haar sterfkennis gelys.

② 1903: Sterfkennis Joachim Johannes Nicolaas KRUGER 1814.09.23-1903.08.08³

③ 1928: Sterfkennis Aletta Helena KRUGER, née FRASER 1855.08.07-1928.08.29⁴

④ 1935: Likwidasië en distribusie rekening: JJN KRUGER 1814.09.23-1903.08.08⁵
(reeds 1903 oorlede, maar boedel afgehandel 1935)
1e huwelik met Johanna Elizabeth Margaretha Gertruida CLOETE 1819.04.21-1875.06.17⁶

2e huwelik met Aletta Helena FRASER: 1855.08.07-1928.08.29⁷

Sy was baie jonger as haar man, sien foto's in hierdie boek (bladsye 8 en 24) en foto-album en grafdatums.
JJN KRUGER se boedel is eers in finaal 1935 afgehandel. a.g.v. verband (skoonseun SF DU TOIT getroud met Aletta Helena uit 2e huwelik gebore) genoem "ewigdurende erfpaggrond", grond eers verkoop 1934.

⑤ 2010: Barry KRUGER se PDF-Boek, DIE KRUGER-FAMILIE VAN SUIDER-AFRIKA, aangevul met ons inligting, gelys volgens geboortedatums waar beskikbaar, verskille word nog nagegaan.⁸

JJN KRUGER *1814 se kinders (geslag "f") uit 1e huwelik met Johanna Elizabeth Margaretha Gertruida (Hannie) CLOETE 1819.04.21-1875.06.17 (ons stamlyn)

Geslag "f" moet nog verder nagevors word aangesien die bronne nie ooreenstem nie.
Hulle word wel volgens geboortedatums (soos bekend) gelys.

Eers volg die drie sterfkennisse en dan vier bladsye uit die likwidasië en distribusie rekening van JJN KRUGER *1814, waarop beide huwelikke se vroue sowel as die kinders gelys word, let op die eerste huwelik se kinders word twee keer gelys weens die laat afhandeling van die boedel, boedel is eers afgehandel in 1935 a.g.v. "ewigdurende erfpaggrond".

Geneologiese inligting (kinders uit 1e huwelik) vervolg op bladsy 35 en kinders uit 2e huwelik eers op bladsy 54.

1 [[Suid-Afrikaanse Argief KAB MOOC 6/9/152 no 1824 (1875)]]

2 [Bron van haar datums: graf te plaas Klerefontein (Klederfontein) buite Carnarvon.sien bladsy 25 en haar sterfkennis]

3 [Suid-Afrikaanse Argief KAB MOOC 6/9/481 NO 2610 (1903)]

4 [Suid-Afrikaanse Argief KAB MOOC 6/9/3397 NO 19948 (1928)]

5 [Suid-Afrikaanse Argief KAB MOOC 13/1/7453 no 520 (1935)] in volgorde van sterfdatums en dan genoemde likwidasië en distribusie rekening.

